

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

### Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,  
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;  
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

## Woorddiens

Tema: Hoe kyk ons na gister?

Skriflesing: Filemon

### Broodjies vir die pad

#### Kommentaar op Eric Barreto se artikel "Commentary on Philemon 1:1-21" (04/09/2016):

Douglas Brougher:

"I understand your points, but I would not care to dwell or speak on how Philemon was read in the recent past.

I fear I would be drawn into a phenomenon known as the "condescension of time," that is, looking to the past and always judging that our predecessors were misinformed, or ignorant, or just plain monsters. This of course makes us feel that we are more enlightened.

I cannot speak to how Philemon was read in the recent past, because I suspect (but will never know) that those readers were sincerely convinced that they were being both bold and humble as they read their Bibles, just as you would recommend we be today. Do I not believe that they prayed over the challenges and decisions they faced, and tried to live accordingly?

You see, future generations, succumbing to the condescension of time, will probably consider us as misinformed and ignorant as you would have our ancestors of 150 years ago appear today. Are we? Or do we do our best to live within law and gospel as we understand it?

Slavery was a horrible condition, and I thank God that it does not exist, at least in the legal form, in our country today. But I will not judge an ancestor or judge how he or she read the

Bible, because really it is impossible, from 150 years away, for me to walk a mile in his or her shoes."

[http://www.workingpreacher.org/preaching.aspx?commentary\\_id=2975](http://www.workingpreacher.org/preaching.aspx?commentary_id=2975)

### Stap as weerstand teen die wrede pas van ons lewens

RRV

In sy boek *A Philosophy of Walking* verwys Frédéric Gros na Friedrich Nietzsche se opmerking oor stap in sy boek *Ecce Homo: How One Becomes What One Is*.

"Sit so min as moontlik; moenie enige idee glo wat nie gebore is in die buitelig en waarin vrye beweging en die gebruik van ons spiere nie 'n rol gespeel het nie . . . Om stil te sit is die eintlike sonde teen die Heilige Gees," het Nietzsche geskryf.

Die feit dat daar in ons dag groter nadruk op die waarde van stap gelê word, vir liggaamlike en geestelike gesondheid, het waarskynlik te doen met die manier waarop baie van ons se dagtaak al hoe minder beweging behels.

Dit verklaar ook deels hoekom daar al hoe meer boeke verskyn wat aansluit by 'n ryk tradisie van nadenke oor die mens as stappende wese.

Onlangs, byvoorbeeld, het die Noorse avonturier Erling Kagge se boek *Walking: One Step at a Time* verskyn. En Kagge kén van stap.

Hy het al staptogte na die Noordpool, Suidpool en die kruin van Everest onderneem, asook deur die strate van Los Angeles en die ondergrondse rioolstelsel van New York.

Volgens Kagge het al sy staptogte een ding in gemeen gehad: innerlike stilte. En hierdie stilte het vir hom te make met die feit dat stap jou stadiger laat beweeg.

Want dit is juis dan dat jy aandag gee, dat jy dinge oplet wat jy gewoonlik nie raaksien nie, dat jy dinge onthou wat diep in jou psige skuil. Daarom is stap vir Kagge een van die radikaalste dinge wat ons in ons gejaagde wêreld kan doen.

Kagge noem ook in sy boek dat hy nogal hou van die beeld in Genesis waar ons lees dat "God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom" (Genesis 3:8). "Even God enjoys taking an evening stroll," skryf hy.

Dié Genesis-verhaal handel sekerlik oor meer as die gedagte dat God 'n wandelende God is.

Maar tog kan hierdie beeld, te midde van die wrede pas waarteen ons lewe, help om perspektief op tyd, onself en God te verkry.

In die woorde van die Japannese teoloog Kosuke Koyama in sy boek *Three miles an hour God*:

"God walks slowly because he is love. If he was not love he would have gone much faster. Love has its speed. It is an inner speed. It is a spiritual speed. It is a different kind of speed from the technological speed we are accustomed to. It is 'slow,' yet it is lord over all other speeds since it is the speed of love."

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/stap-as-weerstand-teen-die-wrede-pas-van-ons-lewens-20190823>

---

**EPITAPH TO A DOG**

Near this spot  
Are deposited the Remains  
Of one  
Who possessed Beauty  
Without Vanity,  
Strength without Insolence,  
Courage without Ferocity,  
And all the Virtues of Man  
Without his Vices.

*Lord Byron*

---

“Today, as we have seen, fascism and communism are discredited, but are replaced by a paraphilic consumer culture driven by fantasy, desperately in search of distractions and escalating sensations, and a fundamentalist culture wherein the rigors of a private journey are shunned in favor of an ideology that, at the expense of the paradoxes and complexities of truth, favors one-sided resolutions, black-and-white values, and a privileging of one's own complexes as the norm for others.”

— James Hollis, *Why Good People Do Bad Things: Understanding Our Darker Selves*

James Hollis, Ph. D. is Executive Director of the Jung Center of Houston, TX, a practicing Jungian Analyst (psychotherapy developed by C.G. Jung - the eminent Swiss psychiatrist), and author of eleven books.

“To leave the comforts of home, the mother world, one must have some place to go. Admittedly, the rites of passage of traditional cultures were to initiate the youth into a simpler society, a more homogenous culture than ours. As well, their interest lay not in the individuation of the person but in the integration of the unformed person into the collective definition of tribal masculinity. Still, take away such psychically charged images of identity, take away the wisdom of the elders, take away the community of men, and one has the modern world.”

— James Hollis, *Under Saturn's Shadow: The Wounding and Healing of Men*

---

**Brood vir die pad**

Om só in stede te stap kan help met 'n ander uitkyk

*RRV*

Nie almal hou van stede nie. Maar ek tel onder diegene wat energiek voel as hulle in stede stap. Daarom hou ek nogal van die tong-in-die-kies-verwysing dat die Bybel in 'n tuin begin, maar in 'n stad eindig.

In sy boek *A Philosophy of Walking* wy Frédéric Gros 'n hoofstuk aan “the urban stroller,” en hy sluit spesifiek aan by die Duits-Joodse kultuurfilosoof Walter Benjamin (1892-1940) se waarnemings oor Parys, waarin Benjamin (onder meer met

verwysings na die letterkunde) die figuur van die drentelaar, of flâneur in Frans, belig.

Gros wys daarop hoe Benjamin se bespreking van die flâneur drie aspekte byeenbring, te wete die stad, die menigte en kapitalisme.

In die stad moet jy jou weg deur die menigte baan, en is jy gedurigdeur in kompetisie met ander. Verder is jy midde-in die menigte anoniem, terwyl ander naamloos is. Waar mense voor grootskaalse verstedeliking geskok was om 'n vreemdeling in hul dorp te gewaar, is hulle in die stad verbaas om 'n bekende raak te loop.

Hierby kan gevoeg word, soos wat Benjamin uitlig, dat die moderne stad by uitstek as kapitalistiese ruimte dien wat almal tot verbruikers maak en alles tot verbruiksartikels (ook kuns en mense).

In só 'n konteks, skryf Gros, “the flâneur subverts solitude, speed, dubious business politics and consumerism.”

Die stadloper sien anonimiteit dan ook nie as 'n straf nie, maar as 'n geleentheid om mense en dinge uit 'n ander perspektief waar te neem.

Waar almal haastig is, kan die stadloper talm om byvoorbeeld langer of noukeuriger na iets of iemand te kyk. Die flâneur is subversief deurdat dit nie alles deur die lens van verbruik en bruikbaarheid beskou nie.

Hierdie figuur van die stedelike stapper kan ons steeds tot nadenke stem. Dit roep natuurlik die vraag op wie dan nog die tyd het om te midde van die eise van die daaglikse lewe in stede rond te drentel. En boonop is dit dikwels onveilig – met veral vroue wat kwesbaar is.

Maar daar is tog iets te sê vir 'n sekere manier van stap (ook in stede) as een vorm van die soort van morele praktyke of geestelike dissiplines wat ons kan skool om nie met die oë van verbruikers na dinge en mense te kyk nie.

In die proses let ons dalk versteekte sistemiese onreg op, en moontlik ook onverwagse onderlinge sorg. En dalk maak so 'n andersoortige manier van stap en kyk dat ons opnuut bewus raak van die nood én menslikheid van ander, en onself.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-so-in-stede-te-stap-kan-help-met-n-ander-uitkyk-20190830>

---

**Lied 526**

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor  
ubi caritas, Deus ibi est.*

Mag jou pad gelyk en reguit loop,  
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.

Mag die son jou siel verbly,  
die reën sag sif oor jou land.

En, tot ons weer ontmoet,  
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)